

# St. Rufina & St. Secunda

## 10 Julie

(sterf 257)

Die Romeinse senator, Asterius, se twee dogters, Rufina en Secunda, was albei Christene en daarom was dit gepas dat hy vir hulle twee Christen jongmanne as verloofdes gevind het, Armentarius en Verinus. Toe keiser Valerianus egter begin om die Christene te vervolg het beide Armentarius en Verinus hul geloof afgesweer. Rufina en Secunda het geweier en is voor die Romeinse prefek, Junius Donatus, gebring. Toe sy dreigemente geen uitwerking op hulle gehad het nie, het hy hulle aan die folteraars oorgegee. Selfs dit het hulle nie hul geloof laat afsweer nie en in woede het hy hulle laat onthoof. Hulle is langs die Via Aurelia begrawe en later is ‘n kerk oor hul graf opgerig

© Die Oratorium Uitgewery